Die oog en die hand van God

Passiwiteit of aktiwiteit?

In tye van swaarkry, wanneer teleurstellings ons deel geword het, in tye van droefheid en rousmart is ons maar te dikwels geneig om moedeloos, verslae of geheel apaties neer te sit. Die lewe het vir ons nie meer sin nie. Dit is nie meer die moeite werd om nog te probeer om iets te verrig nie. Ons word geheel en al passief. Dit is volkome begryplik, maar daarom is dit tog nie goed nie. Soms word ons gedwing om die hande uit die moue te steek, en dit is heilsaam. In arbeid, in selfs verpligte werksaamheid, is afleiding en dit doen 'n mens net goed.
God vra egter ín sy Woord van ons dat ons ons leed nie passief oor ons heen moet laat gaan soos die golwe van die see nie. Die Bybel roep die teleurgestelde, die bedroefde en beproefde op om aktief sy teleurstelling, sy leed of smart te verwerk. Dit is nie gemaklik nie, maar dit is wel baie heilsaam. Hoe verwerk ek my teenslae, my teleurstellings en my verdriet? Ons kan dit doen deur op twee dinge te let: op God se oog en op God se hand.

God se oog

Die digter van Psalm 10 weet ook van moeite en verdriet. Hoor maar hoe hy kla oor dit wat hom soveel benoudheid besorg het. In die verse 8-10 wys hy op die verborge vyand, die terroris, die man wat onskuldiges wil doodmaak. Hy staar hom egter nie blind op sy ellende nie. Hy sê in vers 14: "U het dit gesien, want U aanskou die moeite en verdriet." Ons kyk dikwels vas teen ons teleurstellings, ons ellende, ons verdriet. Ons voel eensaam en verlate. Maar onthou: die Here sien dit ook. Eintlik staan daar: "U aanskou dit." Die Here observeer dit noukeurig. Hy kyk met volle aandag en intense belangstelling na ons moeite en verdriet. Hy is daarby betrokke. Hy het gesien dat ons in stilte gehuil het, toe ons hart so seer was. Daardie trane versamel God in sy kruik; hulle word opgeskryf in God se boeke (Ps. 56 : 7). Glo in God se oog wat u sien!

God se hand

Nie alleen is daar God se oog nie, daar is nog meer. Ook sy hand is daar. Sy uitgestoke hand roep ons op tot die hoogste aktiwiteit in ons verdriet. Seker, ons mag ander mense, medegelowiges deelgenoot maak van ons verdriet. Daar sit ook verligting in. Maar ons moet daaraan dink dat God se hand 'n uitgestoke hand is en in die eerste plek moet ons moeite en verdriet daar beland. Daarom sê die digter van Ps. 10: "sodat 'n mens dit in u hand sal gee". Die hand van die Here is in die Bybel die beeld van God se almag, sy goddelike alvermoë. Hoe lê ons alles wat ons verontrus, wat ons seer maak, wat so skryn binnekant in God se hand? Eenvoudig deur die gebed. Die digter van Ps. 10 roep ons in die eerste plek op tot geloof: U aanskou dit, maar daarna roep hy ons ook op tot gebed: lê dit in die hand van die Here. Hoekom moet ons die teleurstellings wat ons ondervind, die verdriet wat van binne knaag in God se hand lê? Daar in die hand van die Here lê dit goed. Dan gaan God daarmee aan die werk. Hy gebruik dit.

Die lofprysing

Ons kry in die Bybel 'n pragtige voorbeeld hoe die Here moeite en verdriet wat in sy heilige hande neergelê is, gebruik en ombuig. Twee sendelinge sit in die tronk. Hulle is met stokke geslaan en daarna is hulle toegesluit. Maar wat lees ons in Hand. 16 : 25? "En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing." Ons sien dieselfde by die digter van Psalm 10. Hy prys die Here as Helper (vs. 14) en hy jubel oor God as Koning (vs. 16), Koning vir ewig.

Daar wil die Here ons bring. Daarom, as daar teleurstellings is in ons lewe, as daar moeite en verdriet is, dan word ons opgeroep tot geloof en gebed: geloof in die oog van God en gebed met betrekking tot die hand van God. Daar is egter ook nog 'n ander aspek met betrekking tot die hand van God waarin ons in 'n volgende artikel aandag sal gee.

L Floor

© by skrywer - 2009
www.christelikebiblioteek.co.za